

Hoofstuk van die dag: Filemon

> *My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou ’n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen. (vers 6)*

In die verlede het teoloë dikwels vir Paulus en Jakobus teen mekaar afgespeel, asof Paulus die geloofsman was teenoor Jakobus, wat die werke-man was. Jakobus sê immers in soveel

woorde dat geloof sonder werke dood is (o.a. Jak 2:17).
Dié teenstrydigheid is egter vals. In sy kort persoonlike briefie aan Filemon is dit baie duidelik dat Paulus net soveel klem lê op dade: jou geloof moet in jou optrede van elke dag ’n verskil maak en vir die mense met wie jy te doen kry, tot seën wees. Daarom skryf hy aan Filemon (vers 6): “My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou ’n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat” – en hier lê vir my die verrassende – _“ons vir Christus kan doen.”_
Prof Willie Jonker het by geleentheid gesê: Ons geloofsdiepte word nie net gemeet aan die hoeveelheid minute wat ons op ons knieë in gebed deurbring nie, maar veral ook aan wat ons doen as ons van ons knieë af opstaan.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026